Ek het Hennie Boshoff op 17 Mei 2012 in Oudtshoorn ontmoet. Dit was ‘n waterskeiding in my lewe. Al wat ek toe van hom geweet het, is dit wat Elza Miles van hom geskryf het in die nuutste uitgawe van Pomp, ‘n “who’s who” joernaal van kunstenaars in Suid-Afrika. Hennie Boshoff en Villa Kruger het goed ses of sewe bladsye beslaan, met heelwat foto’s.

Hennie was in Mei vanjaar die eregas en spreker vir die opening van ‘n nuwe uitstalling getiteld: afruiKA – ‘n viering van die geboorte van kunstenaars en hul kuns op Afrika-bodem. Hennie, Rossetta Woolf, Isak Williams, en Jan van der Merwe het nie net van Prince Albert af na Oudtshoorn toe gery vir die openingsaand nie: kuns wat Hennie saam met ander prominente kunstenaars soos Welcome Danca, Lalelani…, en Matthias Chirombo …. help skep het, is spesiaal deur die kurators van ArtKaroo aangevra en daar uitgestal. ‘n Meer as ‘n meter-hoë pot-mosiäk getiteld “Ekke” wat deur die Villa Kruger-span ook spesiaal vir die uitstalling geskep is, het ‘n bekende kunstenaar van Oudtshoorn se ere-plek op die “totem-blad” voor die gallery onttroon. Hierdie pot het intussen ‘n maat gekry. Haar naam is “Iris.”

Daardie Donderdagaand in Mei was ‘n waterskeiding in my lewe, want ek het vir die eerste keer iemand ontmoet wat regtig, ek bedoel regtig, nie ‘n veer omgee vir wat mense van hom dink of sê nie. Hier is ‘n onafhanklike denker, het ek besef.

Soos netwerke werk, het ons adresse geruil. Kontak gemaak na die tyd. Ek het tyd gehad tussen kontrakte by ‘n maatskappy in Oudtshoorn waarvoor deeltyds werk.

Twee maande later, val ek in op ‘n Donderdag-oggend by Villa Kruger, om hulp te verleen met administrasie- en konsultasiewerk. Ek het die voorreg gehad om op my eie die *Kuns Na Donker* toer te doen. En nog vyf of ses saam met ander. Dit is beslis geen toer nie. Dit is ‘n reis deur ‘n magical theatre, waarvoor Afrikaans soms nie woorde het nie. Daar hang ‘n Breyten Breytenbach in sy kombuis.

Op ‘n Vrydag-oggend twee maande daarna, het die mees interessante en belangrike deel van my werk en hulp daar gebeur: die Khoisan Jol.

Ek het nie geweet dit gaan die KhoiSan Jol genoem word tot voor die plakkate gedruk was nie. Ek was te besig om die musikante se agente te kry om hulle eie mikrofone saam te bring. Om seker te maak dat Brian Finch se klankstelsel, wat hy so goedgunstelik vir ons geleen het, niks oorkom nie. Maar dit was bestem om ‘n KhoiSan Jol te wees.

Want ons is almal KhoiSan. Dit is die een gemene faktor wat ons almal saambind, ongeag watter kant van die BP garage jy bly. Toe word die bekendstelling van die Villa Kruger dromme ‘n Jol, op ‘n doodgewone Vrydag aan die einde van ‘n maand. By die Thusong Sentrum oorkant die BP garage.

Dit was ‘n interessante deel van my werk omdat die dromme so veelbesproke was. Of ten minste, kontroversieël. Hulle het eenvoudig nie ingepas by die ander dromme wat vir Prince Albert se 250e bestaansjaar versier is nie. Villa Kruger se dromme is nie versier nie. Dit is ‘n kuns-installasie, ‘n straatkuns-installasie. Met kommentaar. Oor gister en vandag. Oor ons en hulle.

Dit was ‘n belangrike deel van my werk omdat Adam Small op een van die dromme aangehaal word. Trouens, die Villa Kruger dromme is aan Adam Small opgedra. Hennie het selfs ‘n Afrikaaps-sprekende

ingevoer om die Small gedig voor te lees. Ons is getrakteer op die mooiste rendisie van Nkosi S'Kilele iAfrika voordat Burgemeester Lottering sy sielvolle en versoenende toespraak gelewer het. Hennie se toespraak het ons opgesweep om ons gemene KhoiSan Adam en Eva op te roep, en terug te keer na die opening van die geboortekanaal, die afruiKA. Daar is in Afrikaans gekletsrym: 'n meesterlike duo van Oudtshoorn wat hulleself Digtelike Vry8 noem.

Die KhoiSan Jol in Prince Albert was 'n waterskeiding my lewe, net soos dit was om Hennie Boshoff by afruiKA in Oudtshoorn te ontmoet. Daar is min mense wat so absoluut 'n veer kan voel vir wat mense van hom dink, en dit nogsteeds regkry om verwarrende, uiteenlopende persoonlikhede te laat saamwerk vir sukses. Want Hennie omring homself slegs met talent.

Juan Janse van Vuuren